ISSN 0258-2279 LITERATOR 15 No. 1 April 1994

*Willie Burger*

# Postmodernisme: doelgerig of vrolike fuif? 'n Polisieroman en 'n moorddroom

"Daardie *lewe* is net nog 'n woord..." (Miles, 1991:16)

**Abstract**

*The incredulity towards metanarratives in the postmodernist era holds serious implications for historiography. Two "historiographic metafictional novels" (Hutcheon's term), one Flemish and one Afrikaans, are discussed in this article. There is a significant difference in the way these two texts react to ontological doubt. On the one hand there is a celebration of the loss of metanarratives in* ***Het beleg van Laken*** *(Walter van den Broeck). On the other hand this loss is used in a very serious way to undermine existing metanarratives in* ***Kroniek uit die doofpot*** *(John Miles). The joyous humour and celebration in* ***Het beleg van Laken*** *is absent in* ***Kroniek uit die doofpot.*** *It is concluded that some historiographic metafiction frivolously celebrates decentring and the incredulity towards metanarratives. In other historiographic metafiction ontological doubt manifests without humour or celebration and serves to undermine metanarratives. It might be true that the celebration belongs to a late capitalist Western culture whereas it is unsuitable for a developing country.*

## 1. Inleiding

Die basis vir 'n hele reeks diskoerse word in die 'postmodernistiese era' geherwaardeer. Hierdie herwaarderings kom almal tot dieselfde konklusie: hoe harder enige diskoers soek na fundering, hoe meer word bevind dat daar geen fundering vir hierdie diskoers bestaan nie – en ook nie vir enige ander diskoers nie. In die eerste deel van hierdie artikel word, na aanleiding van veral Lyotard (1984), 'n agtergrond tot ons tyd se verlies aan funderings (meesterverhale) ondersoek.

Tweedens word gewys op die implikasies hiervan vir historiografie, na aanleiding van die problematisering van geskiedenis in resente fiksie. Ek maak gebruik van Hutcheon (1989) se term *historiografiese metafiksie*. Opvallende verskille in die

wyse waarop daar in twee romans, een Vlaams (Walter van den Broeck se *Het beleg van Laken* – 1985)[1] en een Afrikaans (John Miles se *Kroniek uit die doofpot* – 1991)[2], op ontologiese onsekerheid in historiografie gereageer word, word dan bespreek. Daar word gewys op 'n vrolike viering van die verlies aan meesternarratiewe in *Het beleg van Laken.* Andersyds word aangedui hoedat hierdie verlies met erns, doelgerig aangewend word om bestaande metanarratiewe te ondergrawe. Die speelsheid en humor van *Het beleg van Laken* ontbreek in *Kroniek uit die doofpot. Het beleg van Laken* se subtitel "een moorddroom" sou onvanpas wees vir die polisieroman. In *Kroniek uit die doofpot* is daar dodelike erns; nie 'n moorddroom nie, maar moord.

## 2. Ontologiese twyfel

Sentraal in Lyotard (1984) se bepreking van die 'postmoderne kondisie', staan die dood van sentrums en die wantroue ten opsigte van enige metanarratiewe.

Geen organiserende raamwerke, meesternarratiewe, wat tevore as 'natuurlik' en daarom as legitiem aanvaar is, word meer as sodanig aanvaar nie. Elk van hierdie 'raamwerke' het sekere sentrums veronderstel en bevoorreg. Hierdie raamwerke is/was bloot tydelike fiksies wat nuttig is/was vir die artikulasie van, nie universele nie, maar baie spesifieke belange (dié van die sentrum).

Legitimisering is onmoontlik in 'n wêreld waar slegs narratiewe en metanarratiewe bestaan. Onder metanarratief (*métarécits*), of meesterverhaal, verstaan Lyotard alle beskouings van 'n samelewing; die netwerk van vooronderstellings, religieus-polities-filosofiese oortuigings wat die samelewing bepaal, maar geen inherente regverdiging het nie. Alle konstrukte van die mens deur die eeue, hetsy polities of religieus, was bloot metanarratiewe wat hulself nie kan regverdig nie. Dit is aan hierdie metanarratiewe wat die postmodernistiese literatuur, volgens Lyotard se opvatting, uitdrukking gee, deur die afwesigheid van enige legitimisering te tematiseer. 'n Postmodernistiese teks is dus deurtrek van ontologiese twyfel.

Al wat naderhand sal oorbly, is *petites histoires* – klein geskiedenissies – wat altyd voorlopige regverdiging aan 'n groep se optrede sal verskaf, nooit ontologies-verankerde regverdiging nie. Hierdie 'klein fiksies' (*petites histoires*) sal altyd uitdrukking wees van eie fiksionaliteit en die ontoereikendheid van taal om iets vas te lê.

---

1 *Het beleg van Laken* (Vandenbroeck – 1985). Voortaan word verwysings na hierdie roman soos volg aangedui: *Laken:*bladsynommer.

2 *Kroniek uit die doofpot* (Miles – 1991). Voortaan word verwysings na hierdie roman soos volg aangedui: *Kroniek:*bladsynommer

Ontologiese twyfel word dikwels verwelkom[3] en dit hoef nie te lei tot swartgalligheid nie[4]. Daar is ook nie noodwendig 'n nostalgiese verlange na die sentrums van die verlede nie maar inderdaad 'n viering van die ontologiese twyfel. Soos ek ook verder in hierdie artikel gaan aantoon, kan die verlies aan sentrums ook strategies benut word.

## 3. Historiografiese metafiksie

Ontologiese twyfel word dikwels beskou as die belangrikste kenmerk van postmodernistiese fiksie.[5] Hutcheon (1989) gebruik die term *historiografiese metafiksie* vir tekste waarin ontologiese twyfel vooropstaan en die geskiedenis as gevolg daarvan geproblematiseer word. Hierdie problematisering geskied deurdat die 'rame' rondom fiksie en geskiedenis ondergrawe word:

> Fiction and history are narratives distinguished by their frames, frames which historiographic metafiction first establishes and then crosses, positing both the generic contracts of fiction and of history (Hutcheon, 1988:109).

## 4. Geskiedenis in *Het beleg van Laken* en *Kroniek uit die doofpot*

In albei tekste is skrywers selfbewustelik besig om 'geskiedenis' te skryf. In albei gevalle is die skrywers besig om hulle verhale te grond op sekere tekste tot hulle beskikking; in die geval van *Kroniek uit die doofpot* word die dokumentasie oor Tumelo John se lewe gebruik en in die geval van *Het beleg van Laken* die twee besoekers (Mallants en Loracq) se weergawes van die geskiedenis van die koningshuis asook tekste wat vroeër, op skool, deur die skrywer (Van den Broeck) geskryf is.[6]

---

3 McHale (1987:217-333) verwelkom ontologiese twyfel in 'n afdeling met die titel: "How I learned to stop worrying and love postmodernism". Vir Hutcheon (1989:x) verskaf die paradokse van postmodernistiese tekste plesier. Die paradoksale aard moet nie tot moedeloosheid lei nie, maar moet gevier word (1988:73).

4 Vergelyk byvoorbeeld in hierdie verband die gewildheid van 'n werk soos Peter Sloterdijk se *Kritiek van de cynische rede* (1992).

Dit is waar dat skeptisisme en nihilisme nog altyd in die 'Westerse tradisie' aanwesig was. Vroeër was dit egter marginaal binne die groter diskoers, terwyl dit tans dominerend op byna alle terreine van die kultuur is.

5 Let veral op die werk van McHale (1987) wat ontologiese twyfel as *dominant* (Jacobson se term) van postmodernistiese tekste beskou – in teenstelling met epistemologie as *dominant* van die Modernisme.

6 Uitvoerig verduidelik deur Bousset (1990:77).

Vir Jenkins (1991) word geskiedskrywing bepaal deur 'n epistemologie, 'n metodologie en 'n ideologie. Die epistemologie wys, volgens Jenkins (1991:19), daarop dat die verlede nooit werklik geken kan word nie aangesien die gaping tussen die verlede en geskiedskrywing 'n ontologiese gaping is, onoorbrugbaar deur epistemologiese pogings. Epistemologiese probleme sluit onder meer ook in dat die studieveld vir die geskiedskrywer eenvoudig onbeperk is. Verder is daar ook die probleem dat alle bronne slegs weergawes van die oorspronklike 'feite' is. Alle weergawes is altyd persoonlik en subjektief en word boonop as narratief aangebied.[7]

Een of ander metode word altyd gevolg vir geskiedskrywing. Daar bestaan soveel verskillende metodes (elke metode is weer onderhewig aan druk[8]), maar daar bestaan geen grond waarvolgens voorkeur aan een metode bo 'n ander gegee kan word nie. Daarom wys Jenkins daarop dat die epistemologie sowel as die metodologie uiteindelik deur ideologie bepaal word. Konsensus ('n 'kanonieke' geskiedenis) ontstaan slegs wanneer een diskoers ander diskoerse domineer deur uitsluiting of koöptering. Geskiedenis is daarom, vir Jenkins[9], nooit "geskiedenis van ..." nie maar altyd "geskiedenis vir ...".

In plaas daarvan om die geskiedenis dus te beskou as 'n vak (dissipline) wat op natuurlike en vanselfsprekende wyse bestaan en waarop naïewe en objektiewe reaksie moontlik is, word geskiedenis eerder beskou as 'n doelgerigte wyse waarop die verlede (deur persone met besondere belange daarby) georganiseer is – met 'n spesifieke doel.

In historiografiese metafiksie word die nosie dat geskiedenis objektiewe, neutrale feite is, voortdurend ondergrawe deur feit en fiksie te vermeng, deur die klem op taal te plaas, deur apokriewe geskiedenis te skep, sogenaamde 'sameswerings' te ontdek en deur ontluistering. Deur die geskiedenis dan op ooglopende (dikwels selfbewuste) wyse aan te bied as deur die verteller gemanipuleer, word objektiewe reaksie onmoontlik gemaak. Geskiedskrywing word as diskoers (Foucault, 1972) blootgelê met die gevolg dat die leser se eie bewuste en onbewuste verwysingsraamwerk blootgelê word. In postmodernistiese fiksie is die teks altyd besig

---

7 Die invloed van narratiewe in verskeie studievelde word byvoorbeeld deur Kreiswirth (1992) bespreek.

8 Jenkins (1991:19) noem in hierdie verband die druk van verskeie groepe waarin dié wat mag het uiteindelik die diskoers bepaal: Geskiedenis is "a contested discourse, an embattled terrain wherein people(s), classes and groups autobiographically construct interpretations of the past literally to please themselves. There is no definitive history outside these pressures, any (temporary) consensus only being reached when dominant voices can silence others by overt power or covert incorporation".

9 "In the end history is theory and theory is ideological and ideology is just material interests" (Jenkins, 1991:20).

om homself binne sy diskursiewe raamwerk te plaas (deur selfrefleksie) en om sodoende opvattings oor kennis, hetsy histories, sosiaal of ideologies te bevraagteken.

Voorts word gewys op enkele spesifieke maniere waarop die nosie van geskiedenis as objektiewe feite in *Het beleg van Laken* en *Kroniek uit die doofpot* ondergrawe word.

## 4.1 Metafiksionaliteit: die vestiging van die aandag op skrywe as taal

Belangrik in *Het beleg van Laken* is die klem wat geplaas word op die probleem om beelde (geskiedenis) deur middel van taal weer te gee: "Vóór het schrijven was er al taal, maar vóór taal waren er beelden. Ik moet zover mogelijk teruggaan" (*Laken*:105). Walter van den Broeck (die karakter) probeer immers om die koning se vraag na die rede waarom hy skryf te beantwoord. Hy probeer die vraag beantwoord deur te skryf; deur ervarings sedert sy jeug op te teken. Skrywe (taal) is 'n poging om van "beeld-zijn" tot "ik-zijn" te kom (*Laken*:180). Lewe hang uiteindelik af van skryf (*Laken*:211), wat ook bevestig word deur die verdwyning (moontlike dood) van Loracq sodra hy klaar geskryf het.

In *Kroniek uit die doofpot* besef die skrywer dat die lewe nooit in taal weergegee kan word nie. "Daardie *lewe* is net nog 'n woord, 'n doekie wat taal ons om die oë draai ..." (*Kroniek*:16).

Die gebruik van taal, deur die vertel van verhale (natuurlik ook die vertel van geskiedenis) is 'n soeke na mag. Van den Broeck besef dit:

> Helemaal deurgloed van machtswellust deed ik naar hartelust beelden verschijnen en verdwijnen. Alles kon! Zelfs dat wat niet kon! Wat een geilige weelde! (*Laken*:338).

Hierdie almag van die skrywer blyk ook in *Kroniek uit die doofpot*. Die skrywer dink weer aan die koerantberig wat die hoofkarakter, Tumelo John, gelees het en dink daaraan dat hy dit kan verander na 'n berig oor Verwoerd (*Kroniek*:106).

In *Het beleg van Laken* word die aandag ook op taal gevestig deur die weergawe van byvoorbeeld die Kempense dialek: "Ik ondervind bijzonder veel plezier bij het rekonstrueren van het dialekt van de oude Mallants. Makkelijk is het echter niet ..." (*Laken*:152). Die hoogs subjektiewe weergawe van die koninklike geskiedenis, waardeur die 'klein mens' ook homself in die geskiedenis 'in-skryf' vind plaas in sy eie taal. Taal (die klein mens se variasie daarvan) gee hom mag oor die geskiedenis. Insgelyks is dit Vusi, die digter, wat die skrywer daarop wys dat hulle die geskiedenis skep – op die teerpad van Temba na Eersterus (*Kroniek*:351).

Die skrywer in *Kroniek uit die doofpot* skryf spesifiek in Afrikaans, ten spyte van die klagtes dat dit dan vertaal moet word vir die oorsese mark. Hy verduidelik aan die agterdogtige Rappuni dat hy in Afrikaans wíl skryf sodat mense kan besef dat daar Afrikaners is wat anders dink (*Kroniek*:301). Die skryfhandeling is dus ook 'n proses om Afrikaanssprekendes te bemagtig.

Die hoofstukke waarin die storie van Tumelo John vertel word, word telkens gevolg deur 'n kort kommentariënde hoofstuk deur die skrywer op die skryf van die storie. Die onmoontlikheid van die skryf van 'n objektiewe geskiedenis word hierdeur blootgelê. Alle gebeurtenise uit die verlede, hoe goed dit ook al gedokumenteer is, kan slegs vanuit die huidige verstaan word.[10] Elke gebeurtenis word dan ook gesien in die lig van wat daarop gevolg het. Die skrywer se vriend verklaar byvoorbeeld Van Niekerk se optrede teen die agtergrond van die gebeurtenisse rondom September 1984: die herdenking van Steve Biko se dood en die nuwe grondwet wat voorsiening maak vir 'n president met uitvoerende magte, word in verband gebring met die aanranding van Tumelo John (*Kroniek*:105). Die datums by elke hoofstuk – een datum uit die verlede telkens opgevolg deur 'n ander datum uit die skrywer se hede – plaas verder klem op die teleologiese aspek van geskiedskrywing.

Gesprekke tussen die skrywer en sy uitgewer en die besprekings van afgehandelde hoofstukke en karakters betrek die leser by die ontstaansproses van hierdie talige teks (*Kroniek*:82-83). Juis omdat die gesprekke met 'n uitgewer gevoer word, word die leser herinner daaraan dat hierdie 'n *roman* is, geskryf om gepubliseer te word.[11]

## 4.2 'n Apokriewe geskiedenis word geskep

Die koninklike familie word in *Het beleg van Laken* nie daarvan gespaar dat verskeie apokriewe gebeurtenisse aan hul toegedig word nie. Die troue van Leopold met Lilian sou, volgens Mallants, deur die pous self waargeneem word. Die pous lees egter later in die koerant (sic) van die onenigheid oor die troue en besluit dan om die troue liewer nie self waar te neem nie.

10 Een van die epistemologiese probleme van historiografie waarop Jenkins (1991) wys, is dat geskiedenis altyd met 'n terugskouende perspektief en insig geskryf word.

11 Metafiksionele kommentaar is nie beperk tot die hoofstukke waarin die skrywer sy skryfproses blootlê nie. Ook 'in' die storie van Tumelo John word die leser telkens aan die tekstualiteit, die taligheid daarvan herinner deur: "Met sy troue vroeg in 1977. Dis waar ons hom laas gelos het" (*Kroniek*:55), of "Natuurlik het Nkosi ouer geword sedert jy laas van hom gelees het ..." (*Kroniek*:75).

Die gevolg van die verdeling van die boeke van Leuven se biblioteek na die 1968-skeiding is dat al die dokters en advokate slegs die helfte van die kennis het wat nodig is. Hierdie perspektief van Mallants, eie aan 'n naïewe gemoed, lê juis die subjektiwiteit van sy weergawe van die geskiedenis (en by implikasie elke weergawe van die geskiedenis) bloot.

Deur sulke apokriewe gebeurtenisse as 'feite' in die geskiedskrywing / vertelling (in die geval van Mallants) op te neem, word die 'raam' van fiksie verbreek (deur aan die verhaal die status van geskiedkundige feit te verleen), maar ook die 'raam' van die geskiedenis word verbreek (omdat fiksie daarin as 'feit' opgeneem word).

Opvallend in *Het beleg van Laken* is die ligte trant. Die spottende wyse waarop apokriewe geskiedenis geskep word is vermaaklik. Hierdie ligtheid ontbreek in *Kroniek uit die doofpot* en in hierdie opsig is dit dan ook nie 'n kenmerkende postmodernistiese teks nie.

As toevoeging tot die amptelike diskoers van die maghebbers is die geskiedenis van Tumelo John 'n apokriewe geskiedenis. Die geskiedenis word geskep deur die mense waarvan die amptelike geskiedenis nie eens bewus is nie (*Kroniek*: 351). Hierdie gemarginaliseerde geskiedenis word dus as apokriewe geskiedenis 'geskep' te midde van die gevaar van vervolging deur diegene wat die amptelike diskoers beheer (die skrywer besluit om alles as fiksie aan te bied – *Kroniek*:52).

Die geskiedenis van Tumelo John is 'n *petit histoire*. Tumelo John is immers "'n naam wat wegraak in 'n see van ander name, 'n naam wat nie van naamloosheid te onderskei is nie" (*Kroniek*:15). Hierdie geskiedenis word eenvoudig uit die maghebber se diskoers gesluit. Die gevolg van hierdie uitsluiting is juis dit wat die skrywer noop om die apokriewe storie van Tumelo John op te teken – 'n storie wat uitgesluit word uit die amptelik "geslote lêer". Die kanonieke geskiedenis veroorsaak "gelowiges sonder geheue" (*Kroniek*:354).

## 4.3 Ontdekking van sameswerings

Die ontdekking van allerlei sameswerings in die verlede wat dan eintlik vir die verloop van die geskiedenis verantwoordelik sou wees, word dikwels in postmodernistiese tekste aangetref.[12] Die oorsake van gebeure soos dit in die geskiedenis opgeneem is, word hierdeur afgemaak.

---

12 Dink byvoorbeeld aan Pynchon se *The Crying of Lot 49* (1979) en Eco se *Foucault's Pendulum* (1989).

In *Het beleg van Laken* word sameswerings blootgelê waardeur die 'ware' oorsake van gebeure in die doofpot gesteek is. Loracq se geheimsinnige opdraggewers blyk lede van 'n "geheim genootschap van radikale royalisten" te wees (*Laken*:383). Die enigste doel wat Loracq en sy opdraggewers voor oë het, is om "het grootste komplot uit de geschiedenis van de dynastie" bloot te lê (*Laken*: 385). Dit is dan ook hierdie 'geheime genootskap' wat poog om te keer dat kennis van die eintlike oorsaak van die verloop van die geskiedenis (naamlik die spanning tussen paleis en tuin; Rede en Romantiek; monargie en demokrasie; vergaar en skei) 'ontydig' bekend sou word (*Laken*:388). Die spanning tussen paleis en tuin – Rede en Romantiek – word egter te sterk en daarom beweer Loracq byvoorbeeld dat die paleisbrand van 1890 in der waarheid 'n selfmoordpoging van die Rede was.

Deur dergelike 'sameswerings bloot te lê' word aangedui op hoeveel aannames die erkende geskiedskrywing eintlik berus. Deur soveel moontlik vergesogte oorsake vir gebeurtenisse in die geskiedenis te gee, word die 'gesag' van die erkende geskiedskrywing, teen die agtergrond van hierdie ander moontlikhede, uiteindelik as slegs nóg 'n moontlikheid gesien. Die moontlikheid dat die sogenaamde 'amptelike' geskiedenis ook deur 'n sameswering bepaal is, word hierdeur geskep. Die feit dat enige vorm van geskiedskrywing wel ook diskoers is wat deur sekere reëls bepaal word ('n idee wat veral deur Foucault ook beredeneer word), word sodoende beklemtoon.

In *Kroniek uit die doofpot* word 'n 'sameswering' blootgelê wat dit duidelik maak dat die geskiedenis eintlik gemanipuleer word, bepaal word deur diegene wat die mag het. Die noue verbintenis tussen kennis en mag, soos Foucault in *Power/ Knowledge* (1981) uiteensit, word sodoende duidelik. Hierdie geskiedenis word vergeet. Daar is 'n sameswering deur die polisiehoofde om die hele kroniek 'in die doofpot te steek' en 'n ander geskiedenis te laat oorleef as 'waarheid'. 'n Moordbende word gebruik om Tumelo John stil te maak. Die sameswering word verder moontlik gemaak deur die bure sodanig te intimideer dat niemand durf sê dat die polisie dit gedoen het nie. Die gewone mense word sodoende deel van die sameswering.

Uiteindelik is die skrywer natuurlik ook 'n 'samesweerder' wat sy weergawe van die geskiedenis voorhou. Die leser word weer op sy beurt by hierdie sameswering betrek wanneer hy die teks lees.

## 4.4 Fantasie en geskiedenis word geïntegreer

Die verhouding tussen fantasie en historiese 'feit' word in albei romans geproblematiseer. In die ontkenning voor in *Het beleg van Laken* word die problematiese verhouding tussen feit en fiksie reeds onder die leser se aandag gebring: